## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE


NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Jossie | Child | 01/25 |
| Lorraine | Flack | 01/26 |
| Elise | Moorcroft | 01/26 |
| Ronel | Swart | 01/27 |
| Dolph | vd Merwe | 01/27 |
| Pannie | Jamneck | 01/28 |
| Elzabé | Reichert | 01/29 |
| Marelize | Coertzen | 01/30 |
| Johan | Oosthuizen | 01/30 |




NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

25 Januarie 2026

## WELKOM!

### EREDIENSTYE

09h30 Struisbaai
Nagmaal
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Instituut vir Blindes

**Woensdag**

17h30 Gebedsgeleentheid
Struisbaai

**Vrydag**

Jeugfunksie

**Sondag 01 Februarie**

09h30 L'Agulhas
10h30 Kategese
Sinodale kollekte:
Gemeenteondersteuning

### NUWE LIDMATE

Ons verwelkom belydende lidmate Bill en Ia Skinner van NGK Worcester-Brandwag.

### SUIDPUNTKOOR

Oud & jonk - ons het vonk! ALMAL is welkom om by ons aan te sluit. Donderdae om 15h30 in die NG Kerk STRUISBAAI, in die Hoofweg. Soos die Engelsman sou sê: " The more, the merrier!" Kontak Christa-Marié Williams by 0825562850 of Karin Michau by 0723476568.

### VROUEBYEENKOMSTE

Dames, ons het sommer die eerste Vrydag & Saterdag in Maart geannekseer! Wêreldbiddag vir Vroue, 6 Maart, 09h30, in l'Agulhas & 'n DAMESOGGEND met Ilse Roux as spreker, saam met 'n uithangtee om 11h00 Saterdag in Struisbaai se kerk. BESPREEK by Erna by 284356789, Dinsdag tot Donderdag van 08h00 tot 12h00.

**Teksvers** 2 Tim 2:15: Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as 'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig.

## Ons bid vir...

1.Marietjie Maree met die heengaan van haar broer.
2. Gesiggestremdes & almal wat hulle ondersteun.
3. Vrydag se JEUGBYEENKOMS, dat almal dit sal geniet.
4. 'n Ontspanne NUWE INTREKKERSTEE.
5. 'n Lekker, sterk koor.
6. Veiligheid, rustigheid & energie.

**DANKIE VIR:**

1. Die bediening van die Nagmaal.
2. Karin, Madie, Dalene & Elise wat vir die NUWE INTREKKERSTEE regstaan.
3. Soveel seëninge wat ons elke dag uit u hand ontvang.
4. Cecile Basson wat altyd bereid is om foto's te neem.
5. Jessie Franzsen wat vandag se blomme gerangskik het.

**BAIE GELUK!**

1. Die nuwe hoofleier by Zoetendal Akademie is Ané Donald, Dr. Etienne & Louisa Schalekamp se kleindogter. Jana Vosloo & Bethelou Badenhorst, ons gemeentekinders wat altyd spontaan deelneem - geluk aan julle ouers & grootouers ook!
2. Johann & Sandra Senekal, baie geluk met julle seun, Angelo, se roeiprestasie. Angelo en drie spanmaats het 4500km geroei en 'n derde plek behaal as Ocean Mavericks Span in die wêreld se veeleisendste roeikompetisie. Ja, 3000 seemyl later bereik hierdie Suid-Afrikaners die Karibiese eiland!

**STRAATWERK** "2 min noodles en cup of soup" vanaf Suidpunt gemeente na die gangetjies en stegies van die stad. 'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor.
Hulle benodig ook handdoeke en lyfseep vir die storte in die Bo-Kaap,
Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting.

## Doen & Deel

**SPESIALE KOLLEKTE - Innovation for the Blind (Worcester)**

Innovation for the Blind bied aan meer as 350 mense met sig- en meervoudige gestremdhede 'n veilige tuiste en 'n plek waar hulle kan floreer. Hier word elke inwoner nie net versorg en ondersteun nie, maar kry hulle ook die kans om waardevolle vaardighede te ontwikkel in 'n beskermde leef- en werkomgewing. Dit is 'n ruimte waar elke persoon met trots en menswaardigheid kan groei en nuwe selfvertroue kan vind. Alhoewel ons organisasie oor 144 jaar baie uitdagings deurgemaak het, is ons steeds 'n helder lig in die donker wêreld van diegene wat hier 'n heenkome vind. Dit is 'n prestasie wat ons slegs kon bereik danksy die standvastige ondersteuning van ons geloofsvriende en vennote. Ons vra u vriendelike voorbidding vir die waardevolle werk wat hier daagliks gedoen word en vir die mense wat hierdie liefdevolle tuiste hul eie noem. Kom wees deel van hierdie pad saam met ons - help ons om hoop, lig en die krag van 'n nuwe begin te bring.

**JEUGBYEENKOMS - SKATTEJAG!**

Op 30 Januarie 2026 word 'n binnenshuise skattejag gratis aangebied vir Graad 4 - matriek. Dit word by die NG Kerk, Hoofweg, STRUISBAAI vanaf 19h00 - 21h00 gehou. Ons gaan in groepe deelneem. Bring een of twee maats saam om jou te help! As jy alleen kom, sal ons jou by 'n groep indeel.
MOET DIT NIE MISLOOP NIE!

***Basaar "Na-verkope"***

*Die volgende produkte wat nog na die basaar oorgebly het, word Maandag, 26 Januarie, vanaf 8:30 tot 9:30 vanuit die voorportaal van die NG Kerk (Struisbaai) verkoop:*
*Groot gevriesde skaapvleispasteie @ R140.*
*Skaapkerrie van ongeveer 5kg @ R100 per kg.*
*Kaartfasiliteite is beskikbaar.*
*Indien jy vooraf wil bestel, kontak vir Max Michau (0835571300)*